


# Bybel vir Kinders

bied aan



## Noag en die Groot Vloed



Geskryf deur: Edward Hughes  
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus  
Alastair Paterson  
Aangepas deur: M. Maillot; Tammy S.  
Vertaal deur: Hannelie Niemandt  
Vervaardig deur: Bible for Children  
[www.M1914.org](http://www.M1914.org)

BFC  
PO Box 3  
Winnipeg, MB R3C 2G1  
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te  
druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Noag het God aanbid. Al die  
Ander mense het vir God  
gehaat en was ongehoorsaam  
aan Hom. Eendag het God  
iets skokkend vir Noag gesê

"Ek gaan hierdie  
sondige  
wêreld  
verwoes."  
"Net jou

familie  
sal luister en  
gered word."



God het Noag gewaarsku dat 'n groot  
vloed gaan kom wat die hele aarde gaan  
toemaak. Bou 'n hout ark, 'n groot  
boot sodat jy en jou familie en  
al die diere daar in kan bly.



Noag het gedoen wat God bevel het. God  
het vir Noag presies gesê hoe die ark  
gebou moet word. Noag was  
baie besig.





Die mense het vir Noag  
gespot, terwyl hy  
vir hulle vertel het  
hoekom hy die ark  
maak.

Maar Noag  
het aangehou  
bou. Hy het  
ook aangehou om vir  
die mense van God te  
vertel. Maar niemand  
het geluister nie.



Noag se  
geloof  
was groot.

Hy het God geglo al het  
hy nog nie geweet wat  
reën is nie, omdat dit  
nog nooit vantevore op  
die aarde gerëen het nie.  
Die Ark was uiteindelik  
gereed om alles  
in te laai.




Nou het die diere na die Ark gekom. God het hulle laat kom, die rein diere het sewe pare gekom en van die onrein diere net een paar.





Voëls groot en klein, groot diere en klein diere het na die Ark gekom.



Die mense het vir Noag gespot terwyl  
hy die diere elkeen op hulle  
plekke in die Ark laat ingaan  
het. Hulle het nie opgehou  
om sonde teen God te  
doen nie en ook nie  
in die Ark ingegaan  
nie.





Uiteindelik was  
al die diere en  
die voëls in die  
ark. God het  
vir Noag gesê,

“gaan jy en jou  
familie in die ark in.”

Noag en sy vrou en sy  
drie seuns en hulle vrouens  
het ingegaan en God het  
die ark se deur gesluit.






Toe het die reën gekom. Dit het vir veertig dae en nagte gereën. Die vloed het oor die dorpe en die mense gespoel. Toe die reën stop was tot die berge onder water. Alles wat asemgehaal het was dood.





Soos die water hoër geword het het die ark bo-op die water gedryf. Dit moes seker donker in die ark gewees het mikien skrikkerig. Maar die Ark het vir Noag en sy Familie en diere veilig gehou.





Na vyf maande van vloed het God 'n  
wind gestuur om die aarde droog te  
waai. Eendag het die ark op 'n hoë  
berg wat se naam Ararat was gestop.

Noag het nog verder vir veertig

dae in die ark  
gebly om vir  
die water  
te wag

om  
weg  
te gaan.





Noag het 'n kraai en 'n duif by die oop venster uitgestuur. Omdat die duif nie 'n droë plek kon kry om te rus nie het hy terug gekom na Noag en die ark.






'n Week later, het Noag  
weer 'n duif uitgestuur,  
die duif het hierdie keer  
met 'n vars olyfboom se  
takkie in sy bek terug gekom.  
Die volgende week het Noag  
geweet dat die aarde droog  
is toe die duif nie weer  
terug gekom het nie.





God het vir Noag gesê dit is tyd om uit die ark uit te gaan. Saam het Noag en sy familie die diere uit die ark uit laat gaan.



Noag moes baie  
dankbaar gewees  
het! Hy het 'n  
Altaar gebou en  
vir God aanbid.  
Omdat God hom  
en sy familie van  
die nare vloed  
gered het.





God het vir  
Noag 'n wonderlike  
belofte gegee.  
Dat hy nooit weer  
'n vloed sal stuur om  
mense te straf vir hulle  
sonde nie.

God het 'n teken  
gegee om ons aan  
daardie belofte  
te herinner. Die  
reënboog is die  
teken van die  
belofte.

Noag en sy familie  
het 'n nuwe begin  
gemaak na die vloed. Noag se  
nageslagte het weer die aarde  
volgemaak met mense. Alle  
nasies het van Noag  
en sy familie  
afgekom.



Noag en die Groot Vloed

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 6-10

"Die lees van die Woord gee lig."


Psalms 119:130



Die E inde



3



60



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:  
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

